

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

| GRAAN SA OLIESADE | DATUM 2019/11/11 | | DATUM 2019/11/08 | | + - WEEK GELEDE 2019/11/04 | | + - MAAND GELEDE 2019/10/14 | | + - JAAR GELEDE 2018/11/12 | | | | |
|--|---------------------|----------------|---------------------|------------|---|------------|--------------------------------|----|-------------------------------|---------|------|-------|---------|
| | Data | | Δ | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% | Data | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| Brent (\$/b) | 62.51 | 0.77 ↑ | 1.2% | 61.74 | ↑ | 1.2% | 61.79 | ↑ | 4.2% | 59.98 | ↓ | -9.9% | 69.36 |
| US\$: ? ZAR | 14.93 | 0.100 ↑ | 0.7% | 14.83 | ↑ | 0.8% | 14.81 | ↑ | 1.3% | 14.74 | ↑ | 3.8% | 14.39 |
| ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm* | R 2 217.04 | 27 ↑ | 1.2% | R 2 190.51 | *CBOT Dec cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Dec + -12 : 00 the previous day | | | | | | | | |
| ΔCBOT Koring 8vm : 12nm* | R 2 798.87 | 7 ↑ | 0.2% | R 2 792.11 | *CBOT Dec cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Dec + -12 : 00 the previous day | | | | | | | | |
| ΔCBOT Soja 8vm : 12nm* | R 5 043.68 | 3 ↑ | 0.1% | R 5 040.41 | * CBOT Nov cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Nov + -12 : 00 the previous day | | | | | | | | |
| Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag) | | | | | | | | | | | | | |
| Mielies Dec '19 | 377.20 | 2.00 ↑ | 0.5% | 375.20 | ↓ | -3% | 389.20 | ↓ | -5% | 397.60 | ↓ | -6% | 403.40 |
| Koring Dec '19 | 510.20 | -2.20 ↓ | -0.4% | 512.40 | ↓ | -1% | 516.00 | ↑ | 0% | 508.00 | ↓ | -10% | 568.40 |
| Sojabone Nov '19 | 919.40 | -5.60 ↓ | -0.6% | 925.00 | ↓ | -1% | 924.20 | ↑ | -2% | 936.00 | ↓ | -2% | 934.40 |
| Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)) | | | | | | | | | | | | | |
| SORGHUM Spot '19 | 3469.00 | 0 ↑ | 0.0% | 3469.00 | ↑ | 0.0% | 3469.00 | ↑ | 0.0% | 3469.00 | ↓ | -5.0% | 3650.00 |
| WMAZ Spot | 2610.00 | 0 ↑ | 0.0% | 2610.00 | ↓ | -6.6% | 2795.00 | ↓ | -10.2% | 2907.00 | ↑ | 4.9% | 2487.00 |
| WMAZ Dec '19 | 2635.00 | -1 ↓ | 0.0% | 2636.00 | ↓ | -6.6% | 2820.00 | ↓ | -10.5% | 2945.00 | ↑ | 5.5% | 2498.00 |
| YMAZ Spot | 2605.00 | -9 ↓ | -0.3% | 2614.00 | ↓ | -5.3% | 2752.00 | ↓ | -7.5% | 2815.00 | ↑ | 5.5% | 2470.00 |
| YMAZ Dec '19 | 2630.00 | -3 ↓ | -0.1% | 2633.00 | ↓ | -5.2% | 2773.00 | ↓ | -7.7% | 2850.00 | ↑ | 5.8% | 2485.00 |
| SOY Spot | 6006.00 | 42 ↑ | 0.7% | 5964.00 | ↓ | -0.1% | 6015.00 | ↓ | -0.2% | 6021.00 | ↑ | 30.2% | 4612.00 |
| SOY Dec '19 | 6039.00 | 57 ↑ | 1.0% | 5982.00 | ↓ | -0.2% | 6053.00 | ↑ | 0.3% | 6018.00 | ↑ | 29.8% | 4651.00 |
| SUN Spot | 5326.00 | 50 ↑ | 0.9% | 5276.00 | ↓ | -4.4% | 5570.00 | ↓ | -5.7% | 5650.00 | ↑ | 2.2% | 5209.00 |
| SUN Dec '19 | 5376.00 | 54 ↑ | 1.0% | 5322.00 | ↓ | -4.3% | 5619.00 | ↓ | -6.9% | 5775.00 | ↑ | 2.8% | 5228.00 |
| WHEAT Spot | 4340.00 | -10 ↓ | -0.2% | 4350.00 | ↓ | -2.7% | 4460.00 | ↓ | -3.6% | 4502.00 | ↑ | 0.0% | 4340.00 |
| WHEAT Dec '19 | 4362.00 | -20 ↓ | -0.5% | 4382.00 | ↓ | -3.0% | 4497.00 | ↓ | -4.8% | 4583.00 | ↓ | -0.3% | 4375.00 |
| OLIESADE (US\$/ton) | 2019/11/08 | Bron: Oilworld | | | 2019/11/01 | 2019/03/22 | 2018/04/30 | | | | | | |
| Soya-oil, Arg. | 696 | ↑ | 1.9% | 683 | ↑ | 2% | 685 | ↑ | 3% | 676 | | | |
| Soya-pell, Arg. | 324 | ↑ | 3.8% | 312 | ↓ | -1% | 326 | ↓ | -12% | 368 | | | |
| Soybean, USA | 380 | ↓ | -0.8% | 383 | ↑ | 0% | 379 | ↓ | -7% | 410 | | | |
| USA Runner 40/50 | 1350 | ↑ | 0.0% | 1350 | ↑ | 4% | 1300 | ↑ | 4% | 1300 | | | |
| Sun-oil, Arg. | 685 | ↑ | 3.0% | 665 | ↑ | 3% | 665 | ↓ | -14% | 800 | | | |
| Sun-oil, Black Sea | 715 | ↑ | 4.4% | 685 | ↑ | 6% | 675 | ↓ | -5% | 750 | | | |
| Sunseed,Black Sea | 340 | ↑ | 0.0% | 340 | ↓ | -8% | 370 | ↓ | -17% | 409 | | | |
| Rapeseed, EU cif | 430 | ↑ | 0.7% | 427 | ↑ | 3% | 417 | ↑ | 8% | 399 | | | |
| Palmk oil Mal, EU | 680 | ↑ | 3.8% | 655 | ↓ | -6% | 720 | ↓ | -34% | 1037 | | | |
| JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE | | | | | | | | | | | | | |
| <p>Sojabone: Die totale sojaboon verwerking en uitvoere vanaf die VSA en 3 Suid-Amerikaanse lande het gedurende Sept/Okt 2019 met ongeveer 3.4 miljoen ton toegeneem tot 'n totaal van 45.9 miljoen ton. Dit is ongeveer 8% meer as teen dieselfde tyd van die seisoen verlede jaar. In die VSA is die grootste fokus steeds op tempo waarteen die stroop proses plaasvind en wat die totale produksie vir die seisoen behoort te wees. Die nuutste WASDE verslag is Vrydag deur die USDA bekend gemaak en alhoewel die algemene verwagtinge in die mark was dat die VSA produksie afwaarts aangepas sou word, het die USDA die Amerikaanse produksie vooruitsigte vir die seisoen onveranderd gehou vanaf die vorige maand se skatting. In Brasilië word daar gerapporteer dat die aanplantings verlede week goed gevorder het, maar dat die totale oppervlakte wat tot dusver aangeplant is steeds aansienlik laer as verlede seisoen se oppervlakte aangeplant is teen hierdie tyd van die jaar. Die droër toestande wat oor groot gedeeltes van Brasilië geheers het, het veroorsaak dat die grondvog laag is en dus kon die aanplantings nie optimaal plaasvind nie. Alhoewel daar goeie wydverspreide reën verlede week voorgekom het is die grondvog steeds laag in groot gedeeltes van die land en kan die aanplantings nog nie optimaal plaasvind nie. Daar was ook ontkiemingsprobleme in groot gedeeltes en produsente was genoodsaak om oor te plant. Plaaslik: Die plaaslike sojaboonmark het verlede week ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die goeie plaaslike verwerkingstempo van sojabone het die plaaslike voorraadvlakke onder druk geplaas en hierdie seisoen se voorraadvlakke gaan aansienlik laer wees as die vorige seisoen se eindvoorraad.</p> <p>Sonneblomsaad: Die Internasionale sonneblomsaad pryse is jaar op jaar laer as die vorige seisoen se pryse teen dieselfde tyd van die jaar. Die pryse in veral Rusland is onder druk as gevolg van die rekord produksie hierdie seisoen. Die laer sonneblomsaad pryse is ondersteunend tot die persmarge en die verwagting is dat die Russiese verwerking van sonneblomsaad hierdie seisoen ongeveer 1.6 miljoen ton sal toeneem teenoor verlede seisoen se verwerking. Die verwagting is dat Rusland se sonneblomsaad verwerking hierdie seisoen 13.3 miljoen ton behoort te bereik. As gevolg van die groot beskikbare sonneblomsaad voorraad in die internasionale mark en verwagte toename in verwerking behoort die oormaat sonneblomsaad olie te dien as 'n buffer vir die tekorte van ander groente olies. Plaaslik: Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week onder druk gekom en het laer gesluit vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die laer plaaslike sonneblom voorraad het die plaaslike verwerking van sonneblomsaad onder druk geplaas, terwyl die sonneblom olie invoere vir die seisoen skerp toegeneem het teenoor vorige seisoene se invoere.</p> <p>Kanola: Die probleme met die handel tussen die Kanada en China hou die Kanadese kanola pryse onder druk en alhoewel die negatief is vir Kanadese produsente, is die positief vir die kanola persmarge in Kanda wat die verwerking van kanola daar verhoog. Die laer Kanadese pryse maak ook die invoere vir ander lande meer aantreklik en die groter vraag in ander lande dien as buffer teen die laer uitvoere na China toe. Plaaslik: Die plaaslike mark is die kanola stroop proses meestal voltooi met die opbrengste wat redelik onder gemiddeld was vir die seisoen.</p> <p>Grondbone: Die grondboon produksie verwagtinge in Indië is opwaarts aangepas vanaf die vorige skatting en die totale produksie vir die seisoen word nou op 4.6 miljoen ton geskat. Die verwagting is dat die Indiese grondboon uitvoere en verwerking sal toeneem vir die seisoen. Plaaslik: In die plaaslike mark is die fokus steeds op die aanplantings van grondbone. Daar het reeds wydverspreide reën voorgekom in van die grondboon produserende gebiede, maar goeie wydverspreide reën is nodig om seker te maak daar is genoegsame grondvog vir die aanplantings op optimaal plaas te vind.</p> | | | | | | | | | | | | | |
| Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za | | | | | | | | | | | | | |